

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

REËN IS GOED VIR BOERE SE GEMOED

Wyd verspreide neerslae het die afgelope twee weke die huppel in boerde se stap teruggesit. Op sommige plekke is meer as 100mm gemeet en kon sojaboere wat begin benoud raak het, aanplantings doen. In swaarder grond is dit nog te nat, maar daar is genoeg tyd vir mielies om geplant te word. Graanpryse het ook afwaarts geneig, maar is steeds hoër as dieselfde tyd verlede jaar. Dit blyk dat daar 'n positiewe toename in kunsmis- en saadverkope is. Weerprofete voorspel dat die mooi weerstoestande sal voortduur vanjaar en kan landbou uitsien na 'n belowende produksieseisoen.



Bernice, Lisa en Stiaan : p2

Besigheidsliga : p6

Covid-19 Update : p7


Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

www.the-local-choice.co.za
www.the-local-choice.co.za

Spandeer R950 of meer en jy kan 'n
Russel Hobbs Smoothie-masjien WEN
 (trekking op 28 November)

Verwys 'n vriend en ontvang 'n
GRATIS koffiebeker, fles & pen (terwyl voorraad hou)


KLINIEKTYE
 DINSDAE & DONDERDAE 08:00-17:00
 VOETSORG : R120 PER SESSIE

☎ 087 527 0723 | 📞 071 5433144 | ✉ platteland@thelocalchoice.co.za



FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE - ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
 Posbus 220, Frankfort 9830 | Tel: 058 813 1071
 E-pos: frankfort@bkbblouw.co.za
www.bkb.co.za
 Reg. No: 2005/024173/07

*Waar sake elke keer,
 die eerste keer reg gedoen word!*

#STOPPLAASMOORDE

Vrystaat Landbou het gister 'n beroep op die organisasie se lede gedoen om die Hills-gesin Maandag, 16 November, te ondersteun tydens die hofverskyning van die verdagtes in Hennenman. Dit is in die lig van die plaasaanval in Hennenman waarin Pieter Hills vermoor is en sy seun, Eddie, aanvanklik ernstig gewond en eergister oorlede is. Hierdie aankondiging volg ook na die jongste plaasaanval in Odendaalsrus. Ons verloor al meer voedselprodusente en die onaantwoordbare misdaad duur onophoudelik voort. Teen druktyd was die reëlins van die protesaksie nog nie bekend nie, maar VL sal toesien dat die protes fokus op die veldtog van #StopPlaasmoorde. Alle organisasies en lede van die publiek is welkom om saam te staan teen plaasmoorde.



HEILBRON KLINIEK OPEDAG

Almal wat die kliniek se opedag besoek het die 10de November is verwelkom deur die kliniek se gesondheidskomitee en bederf met kolwyntjies en koeldrank. Bloeddruk en bloedglukose is geneem, voorligting is gegee en opvolgbesoeke is gemaak waar dit nodig was om te kontroleer. Borsondersoeke is gedoen en verwysings is gedoen waar nodig. Na die opedag het die persone saam met die gesondheidskomitee 'n heerlike jaareindfunksie gehou.



BLOEDSKENK IN HEILBRON

SANBS nooi solank die gemeenskap van Heilbron uit om bloed te skenk, Dinsdag 24 November 2020 by die NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 – 18:00. SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker. Die behoefte aan bloed neem ongelukkig nie af nie, en pasiënte benodig steeds ongeveer 3 000 eenhede bloed per dag. Vir elke dag wat hierdie doelwit nie bereik word nie, word die beskikbare voorraad uitgeput. Help asseblief om 'n bloedtekort te voorkom deur bloedskenking te ondersteun.



SANBS

BERNICE, LISA EN STIAAN



Oor die algemeen wanneer daar sprake is van enige funksie in die Heilbron omgewing stroom die plaaslike inwoners daarheen. Hier vind nie baie groot funksies plaas nie en nie net Heilbronnars het seker gemaak hulle besoek die optrede by Die Skeerstoer Kroeg nie, maar verskeie mense het van Frankfort, Petrus Steyn, Reitz en selfs so ver as van Bloemfontein gery om te kom kyk. Stiaan Reynierse was veronderstel om alreeds in Maart op te tree, maar as gevolg van die inperkingsperiode wat ingestel was, het Arno Els besluit om 'n gesamentlike optrede die afgelope naweek te hou. Bernice West en Stiaan Reynierse het die mense met hul sang vermaak, terwyl Lisa met die rooi hare as MC deel was van die dag. Bernice het definitief elkeen se “Jy't my linker atrium tot regter ventrikel, van die vena cava inferior tot bo by die aorta en pulmonêre arterie gesteel”. Dit was nie net 'n optrede nie, maar ook het Arno seker gemaak dat die kinders hulself kan besig hou by die springkasteel. 'n Brandewyn en Gin-regraaikompetisie is aangebied wat onderskeidelik gewen is deur Johan Wilken en Jana Bester, die babakompetisie is gewen deur Joshua van der Westhuizen. 'n Veiling is aangebied en daar was verskeie stalletjies om by te koop. Baie mense was jaloers op die hoogste aanbod van R2700 op 'n bottel 15 jaar KWV. “Die gees het hoog geloop in Heilbron”, beskryf die kitaarspelers dit op sosiale media en dié wat die geleentheid bygewoon het sal definitief daarmee saamstem.



DVB
PRODUCTION
0713822897

Boerseep
100% natuurlik
Velversorging

Arrie & Plaas

Boerseep & Boerseep Poeier
Maak vlakke uit enige materiaal
Maak wilgoed spierwit
Maak wasgoed sag sonder versagter

Persoonlike Higiëne
Tasow Balm - Intensiewe bevogtiger
After shave Balm - Bring verligting aan beskadigde vel
Skeerseep & Kwassie - laat nu 'n sagte bevogtogde vel
Charcoal Seep - Ideaal vir alle vel soorte
Diaper Cream - Anti-inflammatories en antimikrobies

42

**DAYS UNTIL
CHRISTMAS**

Kragrekening kopsere?
Lucidus, nou in Heilbron – ons kan jou help om
elektries effektief en selfs onafhanklik te word!

Lucidus
LIGHTS ON

Venter Malan 082 909 6999 | www.lucidus.co.za

Angus
TEELBULLE
Te Koop

GERTRUIDA BOERDERY
LETTEL SKAPE

2 JONG GESERTIFISEERDE SKOON VELDBULLE

Reg om te werk!

R25 000 UITSLUITEND BTW

Tom Watson: 083 644 0094 | tomw@heilbron.co.za

I AM RESPONSIBLE...

I PAY FOR MY MUNICIPAL SERVICES

**DO THE RIGHT THING –
PAY YOUR MUNICIPAL SERVICES**

**YOUR MUNICIPALITY NEEDS YOUR SUPPORT AS A RESPONSIBLE CITIZEN
TO IMPROVE SERVICE DELIVERY.**

#PAYINGISCARING

STAY SAFE
PROTECT SOUTH AFRICA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NDP



UIT DIE PEN

Vlak 1 tot in der ewigheid, voel dit vir my. Die klink soos die ou FAK liedjie:

Maskers wou sy dra maar niemand kyk daarna, en almal staan verslae oor sy die maskers dra.

Oom Jannie se naam is Goggabie, Goggabie, Goggabie, oom Jannie se naam is Goggabie. Mooi is sy, nie lelik nie.

(Wie of wat is 'n Goggabie, in elk geval?)

Die gesondheidssektor het konsensus bereik oor die dra van maskers: dit voorkom die verspreiding van die virus en alles wat daarmee saamgaan. Dit maak dit nie vir my lekkerder om 'n masker te dra nie, en ek doen dit regtig net wanneer ek winkel toe gaan. Selfs in my kantoor weier ek om een te dra. As iemand met my 'n afspraak het, kan hy of sy haar eie maskertjie aantrek. Ek versmoor met daai ding.

Dan is daar diegene wat aan 'n sekere omroeper se oggendprogram deelneem, en saam met die omroeper stem dat die dra van 'n masker in 2020 voorkom het dat hulle (gewone) griep kry. Ek kan nie

dink in watter jaar ek laas griep gehad het nie, want ons gaan klokslag, elke einde Maart, vir ons griepinspuittings. Of ek dien dit sommer self toe. Maar dit nou daargelaat.

Ek is regtig jammer vir elke persoon wie iemand aan COVID-19 in 2020 verloor het, en dalk nog gaan verloor. Om mense aan die dood af te staan, is nie kinderspeletjies nie. Dan kom jy agter dat die lewe te kort is en die dood te finaal is.

Ek is nie 'n orrelis nie, maar ek geniet dit om kerkorrel te speel. By ons vorige gemeente (wat ek nog steeds as "my" gemeente bestempel, al is ons al amper vier jaar gelede daar weg), speel ek nog gereeld pyporrel wanneer ons daar is en die voltydse orrelis nie daar is nie.

Soms word ek gevra om tydens 'n begrafnis van iemand wie ons geken het, daar te gaan speel. Dis vir my 'n groot lekkerte.

Nie die begrafnis nie, maar die orrelspelery.

Wat my vandag aan begrafnisse laat dink het.

Ek het lank gevat voordat ek uiteindelik getroud is. My twee boetas het 'n oplossing gehad vir tannies wat, heel ongevoelig, by troues vir my vra: "En wanneer is jou beurt?"

Die boetas wou hê dat ek dieselfde vraag vir hulle moes vra wanneer ek hulle by 'n begrafnis sien. Ek het net nie die moed daarvoor gehad nie, maar ek was al baie kere lus om dit te doen. Snaakse goed gebeur by begrafnisse, waaroor jy eers lank daarna saggies kan giggel.

Ek moes eendag die orrel speel by 'n bekende boer se begrafnis. Twee van sy seuns was redelik verfynd en het van sing gehou en die ander seun was 'n bekende, rowwe rugbyspeler. Hulle het 'n versoek gehad vir die erediens: kan ek asseblief die lied,

WEEK DRIE-EN DERTIG

Jerusalem (nie die Jerusalema van Master KG nie), speel. Ek maak toe so. Gewyde stilte, ek speel die inleiding en hier kom die koorgedeelte. Met die tweede versie spring een van die seuns op en sing volstoom verder. Baie mooi, maar hy begin toe met die verkeerde versie, en die begeleiding klink effens anders. Maar ons het hom deurgetrek. 'n Vriendin van ons wat lank aan kanker gely het, is op 64 sag in haar slaap dood. Sy het 'n moeilike lewe gehad: drie dogters wat haar nie altyd trots gemaak het nie. Een was in die tronk, die ander een het 'n aantal kinders by verskillende mans van bedenkbare agtergrond gehad en die derde een 'n kêrel wat sy nie goedgekeur het nie. Dus het sy baie min met haar kinders gekuier, alhoewel sy die laaste week van haar lewe by een van die dogters gewoon het.

Die hele dorp het geweet van die gestryery en gesinsgevegte. Ek is opgekommandeer om op haar begrafnis orrel te speel, vir my 'n voorreg. Die dominee laat my weet dat daar baie *bells and whistles* by die begrafnis gaan wees. Dit is die eerste keer dat ek hierdie uitdrukking hoor, en ek weet dadelik wat dit beteken.

Eers baklei die drie susters oor die draers: want ma wou nie hê dat Suster 1 dra nie, maar Suster 1 se man mag ook nie dra nie, want hy en ma het nie lekker oor die weg gekom nie. Suster 2 neem die reëlins oor, en kry al haar vriende van heinde en verre om ses draers bymekaar te kry. Suster 2 en 3 dien as draers, saam met vier ander onbekendes.

In die kerk word daar 'n spektakel van 'n skyfievertoning gehou, waarin Suster 2 omtrent in alles pryk. Suster 2 word deur een van

haar aanhangers bedank vir al haar harde werk, en iemand klap sommer hande. En ek kook.

By 'n ander geleentheid word die begrafnis van 'n ongeliefde skoolhoof, deur die adjunkhoof van die skool gereël. En ja, die adjunkhoof wou vreeslik graag die volgende skoolhoof word. Die adjunkhoof het die begrafnisbrief gedruk (basta, AVBOB en Doves) met sy handtekening daarop. Hy reël met die dominee vir die toepaslike skrifgedeelte en opsomming van die preek, en oorhandig 'n geheuestokkie met 'n spesiale lied wat met die begrafnis gespeel moet word. Tot die adjunkhoof se teurstelling lees die dominee uit 'n ander gedeelte van die Bybel, en sy boodskap is totaal anders as die opsomming wat die adjunkhoof gegee het. Die dominee kondig die slotsang aan, en die adjunkhoof begin bewoerdig rooi in die gesig word. Die dominee spreek die seën uit en die adjunkhoof hardloop vorentoe.

"Waar is my liedjie? Waar is my liedjie? Dis op die memory stick!" Die dominee glimlag vriendelik terwyl hy ferm sê: "As jy nou dink dat ek Jy's 'n Legend van Kurt Darren in die kerk, met 'n begrafnis gaan speel, dink weer Broer."

En met hierdie woorde is die predikant na die begraaftaas, maar sonder die ondersteuning van die adjunkhoof. Drie maande later is daar 'n nuwe skoolhoof aangestel: 'n jong man van die stad af. Wat my laat dink: Hoe groter die skuldige gewete, hoe meer die *bells and whistles*.

LEDE KUIER GESELLIG SAAM

Die Diensentrumlede het Dinsdag uitgevind wat 'n Skurwe Abraham is (op die foto regs), asook hoe die Boesmanlandse Skuinskoek lyk en proe. Verder het hulle gesels oor die psige van 'n huiswerker en oor hoe maklik tegnologie ons lewens deesdae maak. Die komende week kuier hulle in Namibië saam met Rita Groenewald.



DIE RUS INGEAAN

† In liefdevolle herinnering aan Benjamin Snyman, inwoner van Oranjeville. Gebore: 27 Maart 1946 Oorlede: 10 November 2020 Dis was die wil van ons hemelse Vader om Ben (74) te kom haal, na sy hemelse tuiste.



Sy Roudiens vind plaas op 14.11.2020, om 10:30, te N.G. Gemeente, Ras Louw, Centurion.

Hy laat ná sy geliefde eggenoot, Stefanie, sy drie dogters Louise, Driekie en Janine, sy skoonseuns en kleinkinders en ook sy Bonus-familie.

† In liefdevolle herinnering aan Anna Sophia Swart (Broodryk), oorlede op 2 November 2020 in die ouderdom van 86. Sy laat na haar kinders, kleinkinders, agterkleinkinders, suster, familie en vriende.

KENNISGEWINGS

Form JJJ

LOST OR DESTROYED TITLE DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of DEED OF TRANSFER NUMBER T10022/2009 passed by GERHARD KLEYNHANS, Identity Number 660108 5018 082 and VANESSA KLEYNHANS, Identity Number 711108 0050 089, married in community of property to each other to INTSHEBE PROPS 104 (PROPRIETARY) LIMITED, 2008/027122/07, in respect of certain ERF 254 ORANJEVILLE, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREESTATE, which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of publication of this notice.

Dated at Port Elizabeth on 28 October 2020.

DU TOIT ATTORNEYS INC t/a DTS ATTORNEYS
108 CAPE ROAD
PORT ELIZABETH, 6001
EMAIL: noeksie@dtslaw.co.za
TEL: 0413740852

KENNISGEWING

Kennisgewing in die BOEDEL VAN WYLE JOSIAS HENDRIK LE ROUX, Identiteitsnommer: 421209 5020 084 in lewe 'n pensioenaris woonagtig te Artiestraat 4, Reitz, 9810, getroud buite gemeenskap van goedere met CAROLINA PETRONELLA JOHANNA LE ROUX, Identiteitsnommer: 440912 0013 080. Datum van afsterwe: 29 Augustus 2020 Boedelnommer: 007021/2020 Kennis geskied hiermee aan debiteure en krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres: MNRE BLIGNAUT & WESSELS SAREL CILLIERSSTRAAT 29 POSBUS 6 REITZ, 9810

KENNISGEWING

Kennisgewing in die BOEDEL VAN WYLE PETRONELLA HENDRINA WILKINSON, Identiteitsnommer: 490624 0030 084 in lewe 'n pensioenaris woonagtig te Kareestraat 8, Reitz, 9810, getroud binne gemeenskap van goedere met ALFRED BILLINGHAM WILKINSON, Identiteitsnommer: 510705 5007 080. Datum van afsterwe: 16 September 2020 Boedelnommer: 007279/2020 Kennis geskied hiermee aan debiteure en krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres: MNRE BLIGNAUT & WESSELS SAREL CILLIERSSTRAAT 29 POSBUS 6 REITZ, 9810

Dated at Port Elizabeth on 28 October 2020.

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE
09:00 - 13:00 (Volwassenes)
14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op
Saterdag, Sondag &
openbare vakansiedae.

Neem asseblief

kennis dat die

HEILBRON HERALD

se winkel & fabriek sluit vanaf
18 Desember 2020 en
heropen DV 6 Januarie 2021.

Plaas asb. u bestellings
vroegtydig om
teleurstelling te voorkom.

Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033

WINKELURE

Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00

Vrydae: 07:30 - 16:30 • Saterdag: 09:00 - 13:00

Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033

TE KOOP

OULANDS-GRASBALE
Swaar bemeste
oulandsgasbale
te koop.
Skakel
Hennie Naudé
083 269 9293

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark-
en baalwerk.
Kontak
Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

R

KATJIES SOEK GOEIE HUIS

5 Klein katjies op soek na 'n goeie huis
Reg om in te trek middel Desember.
Kontak Celésté 082 551 1266

Verskeidenheid dagboeke vir 2021 nou beskikbaar by Herald

Office National

Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033



DIENSTE SMALLS

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

• FRANKFORT

• FRANKFORT

Hugo Groenewald

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe

bemaking, Uit-die-hand-transaksies of

veiling navrae!

hand-transaksies of

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

veiling navrae!

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

G

BETREKKING

HOERSKOOILWILGERIVIER FRANKFORT

Hierdie uitmuntende, Afrikaansmedium skool beskik oor 1 Beheerliggampas:

Afrikaanse student vir Grondslagfase (Gr. 1-3)

Aanvangsdatum: 25 Januarie 2021

Voorkeur sal gegee word aan kandidaat wat:

1. Oor 'n PDP beskik.

2. Buitemuurse aktiwiteite en sportafrigting kan gee.

Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:

* 'n Volledige CV

* Gewaarmerkte afskrifte van alle kwalifikasies

* Gewaarmerkte afskrifte van ID

* Getuigskrifte

Voornemende kandidaat kan volledige CV:

* e-pos: wilgerskool@fantic.net

* faks: 0866 595 407

* Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 20 November 2020

Navrae: Mnr. H. Pelster [058-813-1010]

WINKELURE:

Maandae - Donderdae
07:30 tot 17:00

Vrydae:
07:30 tot 16:30

Saterdag:
09:00 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

POSTNET HEILBRON

Maandae - Vrydae:
08:00 - 16:30

Elsstraat 42
HEILBRON
Tel:

058 853 0006

058 853 0006

058 853 0006

058 853 0006



BLAD GEBORG DEUR HERALD OFFICE NATIONAL

Foto erkenning: André Pretorius Fotografie

Herald

Office
National

HEILBRON HOSPITAAL



Bogenoemde foto gedeel deur Mark Finnigan "Heilbron Hospital, O.F.S. SAPSCO real photo postcard not dated or posted" op South African Historical Records, Maps and Prints – Facebookgroep.

Heilbron Huis- & Tuinbouklub
nooi al sy lede hartlik uit

Kersafsluiting

Kom word bederf op
Woensdag, 18 November 2020
om 10:00
by Heilbron Spur

Bevestig teenwoordigheid voor/op
Maandag, 16 November 2020 by
Georgina Weiss – 082 735 3752



CANVAS SPECIAL Heilbron Herald



A4 CANVAS
R115 EXCL. VAT

SPECIAL VALID UNTIL END OF NOVEMBER

bethlehem@sc/fNB6/0114
058 852 3033

Neem asb. kennis dat die
HEILBRON HERALD
se winkel & fabriek sluit vanaf
18 DESEMBER EN HEROPEN
DV 6 JANUARIE 2021.

Plaas asb. u bestellings vroegtydig
om teleurstelling te voorkom.

Elsstraat 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033



COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEE

President Cyril Ramaphosa sê die nasionale ramptoeestand sal tot 15 Desember verleng word nadat hy die land Woensdagaand toegesprek het. Die gevalle in Suid-Afrika het die afgelope maand redelik stabiel gebly. Daar was kommer dat die land na 'n hoër vlak sal terugkeer, maar Pres. Ramaphosa het die land gerusgestel dat dit nie sal nodig wees indien elkeen aan die gesondheidsprotokol voldoen nie. Die vlak-1 regulasies word gewysig om die ekonomie so vinnig as moontlik en ten volle aan die gang te kry. Die verkoop

van alkohol by handelaars keer terug na normale besigheidsure. Internasionale reise word oopgestel vir alle lande met die wys van 'n negatiewe Covid-sertifikaat.

Egter bly die aandklokke geld van 00:00 tot 04:00. Die getal mense in 'n openbare ruimte word beperk tot 50% met 'n maksimum van 250 binnenshuis en 500 persone buite. Dit is steeds verpligtend om 'n masker te dra. Die jongste getalle toon dat daar 742 394 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is. Die dodetal staan tans op 20 011 en reeds 686 458 mense het van die virus herstel. Daar is tans slegs 35 925 aktiewe gevalle en Suid-Afrika se getalle het gedaal tot die land met die 13de meeste COVID-19 gevalle.

Late-Nite Video
Heilbron

Latest Releases:

The Secret – Dare to Dream
Deep Blue Sea 3
The Public
Scoob

Kerkstraat 42 C/42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

KENNISGEWING

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Title Deed T13542/1998 passed by ANNA MARIA CORNELIA VIVIERS (voorheen VILJOEN), Identity Number: 440521 0005 08 5, Married out of Community of Property in favour of JAN JACOB STEPHANUS DU TOIT, Identity number: 550222 5009 08 3, Married out of Community of Property in respect of PORTION 1 OF THE FARM ERFBLOEM 329 DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE, which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice. Dated at BETHLEHEM this 13th day of November 2020.

APPLICANT:
BREYTENBACH MAVUSO
12 UNION STREET
BETHLEHEM, 9701
susan@breytlaw.co.za
TEL NO: 058 3075300
REF: M Bester/sc/FNB6/0114

HERALD

GERRIE IS WEER TOULEIER

Heilbron Gholfklub is dankbaar dat hulle die jaar met 'n positiewe saldo kon afsluit, ten spyte daarvan dat Covid drie maande se inkomste gesluk het.

Gerrie Muller, wat weer verkies is as president van die klub, het sy dank aan lede en bestuurslede uitgespreek vir hulle positiewe bydrae tot die klub in een van die moeilikste jare in menseheugenis. Nieteenstaande omstandighede kon hulle 'n nuwe "verticut"-snyer aankoop en het die ledetal ook gegroei.

Die klub het ook nou 'n reservoier om die gereelde waterlose probleem hok te slaan.

RJ Muller speel Saterdag



Bestuurslede 2020/2021 vl: Jackie Leonard (Viskaptein), Pieter van Staden (Tesourier), RJ Muller (Addisionele lid), Willie Pretorius (Addisionele lid), Eben Stander (Baankaptein), Gerrie Muller (President) en Willem Loots (Visepresident).

rondtes van 42 en 39 hou en het sy beurt gekry om die HBA maandbeker te wen met 'n netto telling van 71. Konstante gholf bly maar die antwoord om jou naam op die wennersbord te kry. Jackie

was 2de met 74 netto en Gerrie derde op 74.

Heilbron se ligaspan het laas naweek te min skietgoed gehad vir Bethlehem op hulle tuisbaan en verloor die stryd 14 - 4.

SPORT

WINKELURE

Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30 • Saterdag: 09:00 - 13:00
Elisstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033

MIKAGO AUCTIONS

Farms,
Live Stocks &
Equipment Properties,
Liquidations, Estates, etc...

084 965 8882



RIEMLAND JAGTERSVERENIGING NUUS

As gevolg van die Covid pandemie moes die lede van die Riemlandtak van die Vrystaat Jagters hierdie jaar baie lank wag voor hulle weer agter die skietbank kon aanlê en deelneem aan 'n skietdag. Almal was Saterdag, 7 November baie opgewonde om mekaar te sien en die kompetisie was taai. Tussen die 30 mense wat kom stof afskud het, was die algehele wenner Hennie Viviers en het hy weggestap met 'n R300 geskenkbewys. Ds. Braam van Zyl het egter die kleinste groepering geskiet van net 9.7mm en was verreweg die beste skut met die jaggeweer.

F.T.C

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830

www.ftcfrankfort.com

BRAKES
&
CLUTCHES

HYDRAULIC
HOSE
ASSEMBLIES

Willem : 072 647 1074	Parts : 072 684 3861	
Ruan : 072 176 4206	Landline : 058 813 1206	
Thinus : 079 544 8096	Email : ftcfrankfort@gmail.com	

BKB Louwid NOORD

Die komende week se
BELANGRIJKSTE veilinge

DINSdag - 17 NOVEMBER 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Farie Nel 083 325 3086

VEREENKONG Weeklikse veiling
Kontak Frenk Pieterse 079 560 7086

DonDersdag - 19 NOVEMBER 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYdag - 20 NOVEMBER 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEPSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkb-louwid.co.za

